Leipie Nuus

11 – 15 JUNIE 2018

Nommer 17/2018

Laerskool Louis Leipoldt
Tel no: 012-664 5798/9 Faks no: 012-664 2155
Epos: admin@louisleipoldt.co.za Finansies: finansies@louisleipoldt.co.za

Program vir die week

Ma 11 Junie

Rugby:	Oefening vanaf 13:45-14:45 – o/9, o/10 en 1ste span
Krieket:	Proewe o/9 vanaf 13:45
Landloop:	Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion
Musiekblyspel:	Oefening openingsdans vanaf 16:00-17:15
Voortrekkers:	Byeenkoms - Voortrekkersaal, Gloverlaan
Cent Kunstefees:	Woordspel oefening 14:30-15:00, 15:30-16:00

Di 12 Junie

Rugby:	Uitspeelwedstryde Curro Hazeldean. Bus vertrek om 9:30
Landloop:	Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion
Skaak:	Afrigting vanaf 14:15-15:15

Wo 13 Junie

Jnr koor:	Geen oefening vir res van die kwartaal
Snr koor:	Geen oefening tot 20 Junie a.g.v eksamen
Sosiale skaak:	Direk na skool tot 14:30 in Me Booyse se klas
Musiekblyspel:	Oefening praatrolle **(slegs seuns)** vanaf 16:00-17:00
KIX Klub:	Gr 4-7 leerders 1ste pouse in die saal
Landloop:	Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion
Gholf:	Louis Leipoldt Gholfdag

Do 14 Junie

Sagtebal:	Proewe o/10-o/12
Landloop:	Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion

Vr 15 Junie

Landloop:	Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion

Sat 16 Junie

Vakansiedag:	Openbare vakansiedag - Jeugdag

Ma 18 Junie

Hokkie:	Proewe o/12, o/13 vanaf 14:00-15:00
Musiekblyspel:	Oefening openingsdans vanaf 16:00-17:15
Landloop:	Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion
Voortrekkers:	Byeenkoms - Voortrekkersaal, Gloverlaan

UIT DIE KANTOOR:
Die eksamen vir Gr 4-7 het begin, en leerders word aangemoedig om met erns te leer. Indien 'n leerder afwesig is moet 'n afwesigheidsbrief/doktersbrief skooltoe gestuur word. Leerders wat sonder bogenoemde bewys afwesig is kry 'n 0 punt vir die vraestel. Vraestelle kan dan ook nie op 'n later datum geskryf word nie.
Leerders mag ook nie vroeër huistoe gaan nie. Ons gaan aan met skoolwerk na afloop van die eksamen.
Grondslagfase is ook besig met assessering en leerders moet asb elke dag skool bywoon. Indien 'n leerder sonder verskoning afwesig is word daar nie 'n assesseringspunt gegee nie.

Ons het nog altyd 'n baie betrokke ouergemeenskap gehad en elkeen se kennis, ervaring en insette is vir ons baie belangrik. Die beheerliggaam het dus 'n kort vraelys saamgestel wat sal dien as 'n vertrekpunt vir die op- en uitbou van ons skool oor die volgende paar jaar. Help ons asseblief deur hierdie vrae anoniem te beantwoord en ander ouers te motiveer om dit ook te doen. **https://www.surveymonkey.com/r/88JXVB9**
Die skakel is ook op D6 kommunikeerder geplaas onder nuus/vraelys vanaf beheerliggaam.

WINTERSDRAG:
Wintersdrag is nou verpligtend. Geen vreemde stukke word by skooluniform gedra nie. Indien ander skoene as swart skoolskoene vir mediese redes gedra moet word, moet 'n brief as bewys by Me Schoeman ingehandig word.

Prestasies

Baie geluk met die volgende mooi prestasies:

(Vormpies en Medaljes wat uitgedeel moet word na Me A v Rensburg – Maandae voor saalopening)

Karate: John-Andrew Horn- Internationale Shotokan Karate Federasie Toernooi – 1ste, 2de, 3de plek in sy afdeling. Gekies vir die ISKF Gauteng span.
Stoei: Werni Grünenefelder- Noord Gauteng proewe- goud en Noord Gauteng kleure, Sentraal Gauteng kompetisie – goud, Keegan Fourie- Kosie Reits Toernooi – silwer, Sentraal Gauteng ope – goud.
Skiet: Werni Grünenfelder- Skietstreekskompetisie – goud, o/9 wenner.
Gimnastiek: Meja Potgieter- Gimnastiek kompetisie – silwer, Gabriëlle Arderne- gekies vir Gauteng Noord span, Ewald Calitz- Klubkompetisie – Gauteng Noord kleure
Motorfiets: Dylan Human- neem deel aan Moto Cross.
Swem: Ruan Postma- SA Regional Swemkampioenskappe – 200m "free" 4de, 100m "free" 4de, 200m IM , 50m "fly", 50m "free". Eindig in al die afdelings onder 1ste 10.
Akrobaat: Genna Claassen- Gauteng Noord Akrobaat Dans kompetisie – Noord Gauteng Fedrasie kleure.
Landloop: Chanene Barnard, Mattias Kielblock, Minke Dekker, Dieneke Beukes, Izelle Nel, Maryke Geldenhuys, Li-Mari Dekker, Amé v Breda, Jean-Pierre Pretorius - Gauteng Noord kleure.
Wiskunde: Lee-Hané Mienie- Kampioen van Kampioene by 2018 Streeks kompetisie – hoogste punt in haar afdeling.
Dans/Model: Bianca Frylink- medaljes.
Drama: Mika Victor- A, A++ vir drama.
Rugby: Geluk aan o/9A, o/10A en 1ste span wat deurdring na verdere uitspeelwedstryde.

BELANGRIKE DATUMS:
12 Junie: Rugby – uitspeelwedstryde te Curro Hazeldean
13 Junie: L/s Louis Leipoldt Gholfdag te Centurion Gholfbaan
14 Junie: o/12 Sagtebalproewe
18 Junie: Verdere hokkieproewe o/12, o/13
19 Junie: Netbal afsluitingsfunksie
20 Junie: Rugby afsluitingsfunksie
20, 21 Junie: Sagtebalkliniek
21 Junie: Massa aflos
22 Junie: Skool sluit **10:00**. Rapporte uit

L/s Louis Leipoldt 70 jaar – 'n stukkie geskiedenis:

1973 konsert vir 25ste bestaansjaar. Toegang en program = 50c

KLEREWINKEL:
Die klerewinkel aanvaar kontant, debiet- en kredietkaarte.

Ons winkel is by die Hervormde Kerk in Napierstraat 103 (skuins oorkant die Poskantoor in Lyttelton)

Ons verkoop skoolrokke, spanbroeke, baadjies, sweetpakbroeke, truie, oortrektruie, kouse, gholfhemde, kriekethemde en die Gr R hemde.

Winkelure: Maandae tot Donderdae = 13:30 tot 17:30
Saterdae = per afspraak

Enige navrae Berthie van Genderen 073 1475705

BOETIE/SUSSIE FOTO'S:
Eerste bestellings is ingestuur en sal voor die vakansie afgelewer word. U is welkom om nog bestellings in te stuur. Sal na die vakansie afgelewer word.

MUSIEKBLYSPEL:
Alle uitstaande geld (R400-00) moet teen einde Julie betaal wees. Kostuummates word nou geneem. Geen kostuums sal gemaak word sonder volle betaling nie.

VERLORE GOEDERE:
Verlore goedere sal Donderdag 21 Junie op die vierkant uitgestal word vir afhaal vanaf 13:30-14:30

SLAMPAMPER DRAMA:
Die rugby- en netbalseisoen is nou verby. Leerders moet asb nou terugskuif na die oorspronklike oefentyd. Die Woensdagsessie is oorvol. Dramaboeke mag nie by die huis vergeet word nie. Leerders wat nie 'n oefening kan bywoon nie, moet asb self by Me Snyman verskoning maak.

Baie dankie

P FERREIRA
HOOF

L/S LOUIS LEIPOLDT GHOLFDAG:
Ons jaarlikse gholfdag vind Woensdag 13 Junie by Centurion Gholfklub plaas.
Help ons asb met hierdie fondsinsameling vir die skool.
Ons benodig nog pryse/geskenkbewyse of wyn.
Vertel asb ook u vriende en kollegas van ons gholfdag.
Ouers met eie besighede wat die dag wil gebruik as bemarkingsplatform kan gerus die skool skakel vir besonderhede.
Indien u belangstel om te speel, skryf asb so gou moontlik in. Daar is slegs beperkte plek beskikbaar. R2 500-00 per vierbal.

ADVERTENSIEGELEENTHEID:
Advertensiegeleentheid vir u besigheid @ R400 op agterblad in kleur - Ramkietjie vir feesjaar Kontak Me v Rensburg by die skool.

KOMMUNIKEERDER TOEPASSING:
Indien ouers nog nie bewus is van die toepassing nie – dit is 'n toepassing ("app") waarmee die skool maklik met ouers kan kommunikeer. Belangrike datums/nuus word so deurgegee.
Die toepassing kan op u selfoon, rekenaar of albei gelaai word. Die toepassing kan van u "app store" afgelaai word. Soek "D6 School Communicator" en volg die stappe.

MAKRO/MY SCHOOLKAARTE:
Baie dankie aan al ons ouers vir hulle volgehoue ondersteuning. Ons wil ouers wat nog nie **Makro** en **My School** kaarte het nie aanmoedig om aansoek te doen vir een. Doen asb aansoek by Me v Rensburg vir 'n **My Schoolkaart**. U ontvang dadelik u **My School kaart.** Indien u reeds 'n **Makrokaart** het en dit aan die skool wil koppel, kan u dit by die navraag toonbank in **Makro** doen, dit is 'n vinnige proses.

GRAAD 7 TRUIE:
Alle Gr 7 leerders mag in 2018 'n trui dra wat geborduur is met Gr 7 en LL logo. Handig asb moulose-/langmoutrui in 'n sak met naam op en R15 ingesluit by Me v Rensburg in vir borduurwerk. Dit neem ongeveer 1 week.

PRESTASIE TOEKENNINGS: UITDEEL IN SAAL ***Datum:*** _____
(Dui asb aan of medalje/sertifikaat saamgestuur word)

My kind _____ in Graad_____ het op _____ die volgende

toekenning ontvang vir _____

_____

_____

(Handig briefie in by Me van Rensburg - K45)

_____
HANDTEKENING: OUER